

Die opwekking van Tabita

³⁶In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help. ³⁷Juis in die tyd toe Petrus in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer neergelê. ³⁸Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek: "Kom tog gou na ons toe oor."

³⁹Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. ⁴⁰Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!"

Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. ⁴¹Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. ⁴²Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom.

⁴³Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

In die boek Handelinge versprei die Evangelie met rasse skrede. Hand 1: 8 voorspel dat die Evangelie die uithoeke van die aarde sal bereik, maar volgens Lukas is dit nie noodwendig 'n nuwe hoofstuk in God se betrokkenheid in die wêreld nie. Reeds in die Evangelie van Lukas is voorspel dat die redding vir die hele wêreld bedoel is. In Handelinge verskuif Lukas konstant die grense en word die dissipels bewus uitgedaag om weer en weer te dink vir wie die Evangelie bedoel is.

Die feit dat Tabita se Hebreuse en Griekse naam, Dorkas, vir ons gegee word, impliseer moontlik dat sy 'n Joodse Griek was. Sy is in elk geval gemaklik binne die streng reëls van die Judaïsme en die ander kulture wat haar omring. Die ander moontlikheid is dat Lukas besef het dat die meeste van sy lesers nie Aramees/Hebreeus magtig is nie - daarom gee hy haar Griekse naam ook.

Sy word onthou as 'n kreatiewe mens, 'n diep geloof en 'n diensbare gees en haar dood vul die gemeenskap met groot hartseer. Tabita was 'n gelowige wat verstaan het dat haar seëninge haar in 'n posisie plaas om ander te seën - veral die gemarginaliseerdes. Die feit dat sy 'n bo-kamer gehad het, dui ook daarop dat sy 'n welgestelde persoon was.

Petrus daag egter op die toneel en bring hoop saam met hom. 'n Mens wonder wat hulle gehoop het Petrus sou doen. Dalk wou hulle net hulle

hartseer met hom deel. Hulle het tog sekerlik nie gehoop vir 'n wonderwerk nie?

Tog toon die verhaal ooreenkomste met ander opwekkingsverhale en dit is duidelik Lukas 'n parallel probeer trek tussen die opwekking van die seun van die weduwee (Elia - 1 Konings 17:17-24), die opwekking van die Sunemmitiese vrou se seun (Elisa - 2 Konings 4:32-37) en die opwekking van die dogtertjie van Jäirus (Jesus - Lukas 8:49-56). Hierdie verhale sou welbekend gewees het aan die Joodse gemeenskap.

Petrus gebruik dieselfde woorde as Jesus - wat dit vir die leser duidelik sou maak dat Petrus met die gesag van Jesus optree.

Die opwekking van Tabita veroorsaak dat mense tot geloof kom. Nie net oor die wonderwerk nie, maar oor die wete dat die God wat so magtig is, regtig 'n verskil in die wêreld kan maak.

Die laaste vers moenie sommer misgelees word nie. 'n Leerlooier was beslis nie die grêndste ou in die gemeenskap nie - 'n leerlooier is en was maar nog altyd 'n stink besigheid! Hulle was nou nie juis gerespekteerde lede van die gemeenskap nie. Baie kommentatore vermoed dit was Lukas se manier om die leser te wys daarop dat die Here besig was om die normaalweg rigiede Petrus se lewe te begin werk.

Dit is op die dak van Simon, die leerlooier, dat Petrus die visioen sien en besef dat God grense oorsteek en mense bymekaar wil uitbring.

Bronnelys

- ✦ Fitsmyer, J A *The Acts of the Apostles. A New Translation with Introduction and Commentary*. New York: Doubleday
- ✦ Gaventa, B R 2003. *The Acts of the Apostles*. Nashville: Abingdon Press
- ✦ González, J L 2001. *Acts. The Gospel of the Spirit*. Maryknoll, New York: Orbis Books
- ✦ Haenchen, E 1971. *The Acts of the Apostles. A Commentary*: Basil Blackwell
- ✦ Herholdt, S J 1995. Vierde Sondag ná Pase: Handeling 5: 27-32. In: C W Burger, B A Müller en D J Smit *Verdere riglyne vir Paas en Pinksterprediking*. Lux Verbi
- ✦ Jennings, W J 2017. *Acts. A Theological Commentary on the Bible*, Westminster John Knox Press
- ✦ Welker, M 1994. *God the Spirit*: Fortress Press.